3 1

## Republikeins Beitrag

**Republikein**
18 Std. ·

PAS IN: Nóg renosters gestroop, beloning styg tot N$1 miljoen

Ellanie Smit
'n Beloning wat sal lei tot die inhegtenisneming van 'n renosterstroperysindikaat wat nou al vier renosters op 'n plaas naby Maltahöhe in die Hardapstreek gestroop het, het nou gestyg tot N$1 miljoen nadat nóg drie karkasse gister ontdek is.
'n Beloning van N$200 000 is aanvanklik aangebied vir die inhegtenisneming wat sal lei tot die skuldigbevinding van die stropers wat onlangs 'n witrenosterkoei gestroop het en haar kalf, Elsa, wees gelaat is.
Volgens die plaaseienaar, wie se naam nie vir veiligheidsdoeleindes genoem word nie, is twee renosterkoeie (twee susters van die koei wat onlangs gestroop is) en 'n bulkalf gister gevind.
Die eienaar het renostereienaars en ander bedank wat die beloning ondersteun het. Hy het gesê Elsa het 'n groot rol hierin gespeel.
Vir enige inligting, kontak adjunkkommissaris Barry de Klerk by 081 129 0054 of adjudantoffisier Frieda Hangala by 081 377 1707 van die Blue Rhino-taakspan van die Namibiese polisie.
- ellanie@nmh-hub.com.na

Foto verskaf



404 · 110 Kommentare · 244 Mal geteilt

Gefällt mir · Kommentieren · Teilen

Kommentieren ...